

Redaksie

Ds. E. Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
Ds. J. van der Linden, Johannesburg
jopie1976@gmail.com

Maart 2011 **Nommer 102**

INHOUDS OPGAWE

**Die huwelik met 'n
ongelowige ...1**

**'n Reël wat versigtig
maak ...3**

Christus as lam ...5

Die groot hereniging ...6

DIE HUWELIK MET 'N ONGELOWIGE

B Luiten

Daar bestaan heelwat misverstande oor die huwelik van 'n Christen met 'n ongelowige. In die praktyk hoor 'n mens na sulke huwelike dan opmerkings soos: "Ag wat, dan kan die huwelik net nie kerklik bevestig word nie". Die indruk word geskep dat so 'n huwelik wel as 'n burgerlike huwelik gesluit kan word, maar ongelukkig nie kerklik nie. Dit word dan as die enigste beswaar gesien. Maar dit is 'n ernstige mistasting.

Wanneer ons kyk hoe die Here oor so 'n huwelik praat, is dit opvallend dat daar ernstige woorde gebruik word wat nie baie vriendelik op die oor val nie:

- Gen. 24:9: Abraham laat sy slaaf Eliëzer sweer dat hy nie vir Isak 'n vrou uit die Kananiëte sal neem nie;
- Gen. 26:34 -35: die Hetitiese vroue van Esau is vir Isak en Rebekka "'n bitter verdriet";
- Eks. 20:3: God wil in ons huise nie diens aan ander gode sien nie;
- Deut. 7:3: 'n Verbod op die huwelik met Kananiëte; God waarsku sy kinders teen afvalligheid;
- 1 Kon.11:1 -2: God het huwelike verbied met mense uit alle volke rondom Israel; Salomo kom tot 'n val deur hierdie gebod te oortree (Neh.13:26);
- Esra 10:10: Weer die identifisering van troubreuk; die vreemde vroue sal weggestuur word, saam met hulle kinders; ook moet die oortreders 'n skuldoffer bring (vs. 19);
- Neh. 13:23-27: Die profeet Nehemia is woedend vir die Judeërs wat vreemde vrouens getrou het; hy vervloek hulle, slaan hulle, trek hulle hare uit, en besweer hulle by God dat hulle dit nie mag doen nie; een van die priesters word omrede sy gemengde huwelik weggestuur;
- Mal. 2:10-12: Die huwelik met "'n dogter van 'n uitlandse god" is 'n gruweldaad; die heiliges

van die Here, vir wie Hy lief is, word ontheilig; die Here spreek die doodstraf uit oor iemand wat dit doen, ook al is dit iemand wat getrou elke keer sy offers bring;

- 1 Kor. 7:39: ‘n Weduwee kan trou met wie sy wil, maar net in die Here;
- 2 Kor. 6:14-18: Uitdruklike vermaning om nie gemeenskap te hê met enige een wat ongelowig of onrein is nie, “nie in dieselfde juk trek nie”; wat kan ‘n gelowige met ‘n ongelowige deel?;
- Ef. 5:22-33: Man en vrou is een van siel en liggaam, net soos Christus en sy gemeente.

Lewenseenheid

Uit bogenoemde teksverse is dit duidelik dat ‘n mens nie die huwelik kan skei as synde ‘n burgerlike of kerklike huwelik nie. Dit is ‘n lewenseenheid wat of deur God, of nie deur God goedgekeur word nie. Wat is hier die beslissende faktor? Wel, dat ons vrygekoop is na liggaam en siel, met die bloed van ons Here Jesus Christus. Ons behoort aan Hom – heeltemal. Ons moet ons hele bestaan sien in die lig van die naderende bruilof van die Lam. Die voorbereiding daarvoor is ‘n saak van liefde en wederliefde, en wedersydse trou. Dit vra die oorgawe van ons hele hart. Dit is die grootste en eerste gebod en die spilpunt van God se verbond met ons. Ons kan nie gedeeltes van ons lewe daarbuite hou nie; ons kan nie gedeelde lewens lei, waar God soms uitgesluit is nie. Dit geld vir baie terreine, maar spesifiek vir die huwelik. Dit is nie sommer net ‘n daad nie, dit is ‘n lewenslange verbintenis!

Wanneer ‘n ongelowige ‘n Christen beter wil leer ken, sal dit vir hom of haar in die eerste plek ‘n kennismaking met Christus wees.

Hoe kan ‘n gelowige mens in ‘n lewenseenheid ingaan wat indruis teen die eenheid wat reeds bestaan? Hoe kan iemand sê dat hy Here dien met sy hele hart, en terselfdertyd sy hart gee aan iemand wat nie die Here dien nie? Dis hoekom die Bybel dit “ontheiliging” noem: die lewe, wat geheel en al

aan die Here behoort, word deur so ‘n huweliksverbintenis eintlik van God vervreem.

Geloofseenheid

Dit is die rede hoekom ons vir hierdie daad op ons hoede moet wees. ‘n Mens hoor soms versagtende argumente van iemand wat so ‘n huwelik wil sluit: ek kan/mag nog steeds Bybel lees, of: ek kan kerk toe gaan soveel soos ek wil, daarin is ek heeltemal vry; of: die kinders kan darem gedoop word, of: ons sal hulle na die Christelike skool toe stuur ensovoorts.

Hierdie standpunte is by die ongelowige seker prysenswaardig, ‘n mens kan sien die persoon is bereid om begrip te toon. Maar hoe goed die bedoeling ook al is, begrip is nie *geloof* nie. Dít is wat die Here van ons vra: dis reg as jy trou met iemand, maar maak seker dis in eenheid van geloof. Anders word dit ‘n gedeelde lewe. Iemand mag egter redeneer: “‘n gedeelde lewe is miskien nie so maklik nie, maar vir my is dit die moeite werd”. Dit is nie die punt nie! Dis nie wat *ons* daarvan dink of wat *ons* daarvan maak nie. Dit is God wat Hom vertoorn oor die samevoeging van ‘n gelowige met ‘n ongelowige. Hierdie twee persone het niks in gemeen nie, deur God se genade is daar juis ‘n groot verskil tussen die een en die ander. Die Here het ons bevry van die lewe “sonder hoop en sonder God (Ef. 2:12)”. Wanneer ons hierdie leefstyl opsoek, en onself daaraan bind is dit vir Hom ‘n onaanvaarbare belediging. Dit blyk baie duidelik uit die ernstige woorde waarmee die Bybel hierdie praktyk veroordeel.

Is die ongelowige dan nie geheilig deur sy gelowige lewensmaat nie?

Ongetwyfeld sal iemand nou wys op 1 Kor 7:12-16. “‘n Vrou weet immers nie of sy haar man sal red nie”, en ook andersom. Die ongelowige man is geheilig in sy vrou en die ongelowige vrou is geheilig deur haar man, so lees ons. Daardeer is die kinders ook geheilig. Is dit nie ‘n aanvaarbare situasie nie? Ja en nee.

Aan die een kant ja, maar dan in die konteks waarin Paulus dit skryf. Hy praat van ‘n sendingsituasie. In so ‘n geval kan dit wel gebeur dat as gevolg van

Daar is oorvloedige goeie nuus in die Bybel, maar daar is nooit vleiery of goed-voel praatjies nie

- JD Tangelder

die evangelie net een huweliksmaat 'n gelowige word. Moet so 'n persoon dan dadelik skei van sy huweliksmaat? Dit is die vraag waarop die apostel ontkennd antwoord. Die gelowige moet dan nie byvoorbait die ongelowige verlaat nie. Maar dit is nie 'n verskoning om so 'n huwelik *te begin nie!* In hierdie verband is die Skrif duidelik, en dit alles word nie deur hierdie teks weerspreek nie. Hier gaan dit oor 'n huwelik wat reeds bestaan het.

Aan die anderkant nee. Paulus skryf ook dat die gelowige vrou die ongelowige man maar kan laat gaan as hy sy gelowige vrou wil verlaat. Die broer of suster is in so 'n geval nie gebind nie. Daaruit blyk dat Paulus geen gemeenskaplikheid sien waarop so 'n "gemengde" huwelik herstel kan word nie. Dit spreek boekdele. Vir iemand wat opreg die Here wil dien, is dit 'n swaar las om dit te deel met iemand wat totaal anders gemotiveer is. Baie mense sal dit ongelukkig kan beaam. Die Skrifwoord, dat die gesin in so 'n geval tog heilig is, bied dan in 'n sekere mate troos. Maar dit is nie 'n vrystellingsbrief om op die huweliksdag teen God se bedoelings in te gaan nie.

Gedeelde verantwoordelikheid

In die praktyk beteken dit dat 'n kerkraad ernstig sal waarsku teen sulke voornemens, en ook die tug sal toepas indien nodig. Nie tug toepas net as 'n formele daad nie, want dit is nie die doel van die tug nie. Soms hoor jy opmerkings soos: "hulle hou jou net 2 of 3 keer weg van die nagmaal af, dan is die saak weer reg". Amper asof dit die prys is wat jy daarvoor moet betaal! Dit is baie duidelik 'n ongeestelike manier om so daarvoor te dink of praat.

Om van die sakramente af weggehou te word, dui daarop dat jy moet kies, kies wie jy wil dien: maar jy kan nie twee gode tegelyk dien nie. As die Here jou God is, luister dan na sy stem. Die kerkraad het 'n belangrike taak hier.

Maar wat is 'n kerkraad se taak? 'n Kerkraad se taak is om leiding te verskaf uit die Woord van God, en nie om verantwoordelikheid op homself te neem nie. Dit is daarom belangrik dat die gemeente hiervan bewus is. Dat albei sorg vir 'n klimaat waarin daar vir so 'n huwelik gevrees en gewaarsku word. Duidelikheid oor wat die regte

weg is, is by sulke situasies 'n absolute vereiste. En nog meer belangrik, ontsag vir God....

Wat is die regte volgorde

Stoot ons dan nie mense af, wat nie die Here van jongs af leer ken het nie, en nou deur persoonlike kontak met die kerk in aanraking kom, nie?

Dit is verseker nie die bedoeling nie. Die kerk word geprojekteer as 'n stad met twaalf poorte wat oop staan; almal wat wil weet wie die Here is, is welkom. Ons het almal verskillende maniere om hierdie mense te ontvang en verder te help. Daarom moet 'n paartjie van verskillende gelowe nie noodwendig *by voorbaat* verbied word nie. God *kan* so 'n verhouding gebruik om Homself aan iemand bekend te stel. Hiervan is daar gelukkig baie voorbeelde. Maar daar is 'n absolute voorwaarde, dat daar geen belofte gemaak word, alvorens so 'n persoon van harte gekies het vir die Here nie. En ook, hierdie voorwaarde moet vanaf die begin van die verhouding aan albei partye gestel word. Daar is ongelukkig ook voorbeelde waar hierin onverantwoordelik opgetree is, en dat daar in die verhouding te veel te vroeg belofte is. Hieroor moet dan openlik gepraat word, vir die geloofskeuse moet tyd en ruimte geskep word. En uiteraard moet ampsdraers behulpsaam wees daarmee, hulle sal verseker oor hierdie saak moet praat.

Wanneer 'n ongelowige 'n Christen beter wil leer ken, sal dit vir hom of haar in die eerste plek 'n kennismaking met Christus wees. Dan kom verhoudings in ons lewens in die regte volgorde te staan.

'n Mens weet dat vergifnis begin het as jy die mense wat jou seergemaak het in herinnering roep, en hulle die beste toewens

- LB Smedes

'N REËL WAT VERSIGTIG MAAK

J. Jansen

Ek vind dus hierdie wet (reël): as ek die goeie wil doen, is die kwaad by my aanwesig. (Romeine 7:21)

Die Gees woon in ons, Christene, maar in ons is daar ook nog opstand teen God. Daarom ervaar ons moeite met geloof. Alhoewel ons God betroubaar is en ons ons sekerheid in sy Woord vind, ervaar ons soms twyfel en aarseling.

Dieselfde 'probleem' doen hom voor met ons gehoorsaamheid. Ons stem van harte toe dat die Here die reg het op ons gehoorsaamheid. Ons aanvaar sy geboorte as goed en suiwer. Maar ons sien nie kans om dit volledig in praktyk te bring nie. Ons ou mens speel nog 'n te groot rol.

Die teks vir hierdie oordenking is geneem uit die bekende gedeelte uit die brief aan die Romeine. Paulus skryf daar in die eerste persoon. Die vraag is wie hy met daardie 'ek' bedoel. Dit word baie keer beweer dat die apostel homself beskryf, soos hy voor sy bekering was. Dus sou jy wat hier staan moet toepas op mense wat nie in die Here Christus glo nie.

Tereg word daarteenoor verdedig dat dit nie die onbekeerde Paulus is wat geteken word nie, maar die Christen. 'n Sterk argument hiervoor is die wyse waarop die nuwe lewe geteken word: die wens om God te dien, Hom te gehoorsaam en die gepaardgaande afkeer van die sonde is aanwesig nu hierdie persoon. Sien bv. vers 19 : "Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek." Die verlange om God se wil te doen, kom hier duidelik na vore. Die keersy van dieselfde munt : die wil om met dit wat God verbied het te breek, kom ook na vore. Ons dus 'n haat vir en ontvlugting van die sonde, asook die positiewe begeerte om te gehoorsaam, 'n lus en liefde om na die wil van God te leef in alle goeie werke. En hierdie dinge is kenmerkend van 'n egte bekering, waardeur 'n mens diepgaande verander

het. 'n Christen lees in Romeine 7 sy eie lewensbeskrywing. Hier word verwoord hoe ons worstel, die keuse uitoefen om die goeie te doen, maar dit tog weer verbrou of nalatig is.

Soms hoor 'n mens uitsprake oor die sonde van die mens, en dan word Romeine 7 daarby betrek. Dit is dan uitsprake soos: "Eintlik doen ons net sondige dinge". Of: "Alles in ons lewe is verkeerd en bedorwe". Sulke uitlatings hoef 'n kind van God egter nie vir sy rekening te neem nie. So somber word dit nie hier in Romeine 7 beskryf nie. Dit is so, hier word die krag van die sonde in ons lewe benadruk, maar tegelyk word die nuwe in die Christen se lewe aangegee: God se kinders het oog gekry vir die goeie, sien die goeie raak en begeer om dit in praktyk te bring. Dikwels kry ons dit nie baie goed reg om die goeie in praktyk te bring nie, maar die verlange na en die bewuste keuse vir gehoorsaamheid is teenwoordig. En dit is die teenoorgestelde van sonde!

**God spoor ons so deur sy Gees
aan tot 'n nuwe ywer dat die woord
'jaag' selfs van pas is**

In ons brand die heilige vuur van die Gees. Die Gees van wedergeboorte. Diep in 'n Christen leef die nuwe wil en die bereidheid om van harte voor God te buig. Daarvoor verheug ons God hom! Dit is dan ook God se eie werk. Hy spoor ons so deur sy Gees aan tot 'n nuwe ywer dat die woord 'jaag' selfs van pas is. Ons weet verseker dat ons nog nie volmaak is nie, maar ons jaag dit na (Fil 3:12). Hierdie is woorde van dieselfde Paulus wat in Romeine 7 oor die sterk invloed van die sonde in sy lewe skryf! En daarom, diegene wat slegs oor die sonde in sy lewe praat, doen aan die vernuwende werk van die Here tekort! Die Gees bewerk nuwe gehoorsaamheid in ons.

Aan die ander kant, wie sy oë vir die bedreiging van die sonde in sy lewe sluit, verval in 'n ongeoorloofde optimisme en loop die gevaar om van God te vervreem. As jy die gevoel het dat jy sterk staan, het jy mos nie hulp nodig nie!

**Die krag van die kerk is nie in minder of meer preke nie,
maar in beter preke**

- EH Palmer

Die kwaad is naby. Dis by my aanwesig, sê die apostel. Jy sou gemaklik daaraan gewoon kon raak, maar dit gaan ten koste van jou berou en verdriet. Sonde is juis dit waaraan jy nie gewoon mag raak nie, maar wel rekening mee moet hou.

Uit die Kategismus ken ons ons drie doodsvyande: die duiwel, die wêreld en ons eie vlees – ons eie ek (HK Sondag 52). Let daarop dat die derde een juis die gevaarlikste is. Die duiwel kan iets by ons bewerkstellig, die wêreld kan jou beïnvloed, juis omdat ons self so swak is.

Ons lewe is nie 'n lewe van net sonde nie. Goddank nie! Die Heilige Gees bring ware bekering tot stand. Die sonde speel wel altyd 'n rol in ons lewe. Die goeie in ons lewe waaroor die Here opreg bly is, bly gebrekkig. Ons is wel van die heerskappy en slawerny van die sonde verlos, maar Hy verlos ons in hierdie lewe nie geheel en al van die vlees en die liggaam van die sonde nie (Romeine 7:14). As ons die reël van Romeine 7 onthou, sal dit ons versigtig maak. En dus leer bid vir die wapenrusting van God.

CHRISTUS AS LAM

C van der Leest

Wat sou in 'n nie-Christelike toeris se gedagtes omgaan as hy in die St. Bavo-katedraal in Gent, België, staan voor die kleurrike altaarstukke van die broers Hubrecht en Jan van Eyck? Hy sal ongetwyfeld baie beïndruk wees deur die artistieke kwaliteite van hierdie multi-panele wat in 1432 voltooi is. Watter reaksie sal die toeris in sy gemoed ervaar as hy na die hoofpaneel kyk? Sonder Bybelse verklaring is dit 'n vreemde tafereel: die aanbidding van 'n lam. Hoekom 'n lam aanbid? Wat is die doel van die groot kruis by die dier, en hoekom loop daar bloed uit die lam se bors?

Wie met die boek Openbaring vertrou is, ken die

antwoord: die broers van Eyck het probeer om Johannes se visioene (Openb 7:9-17) uit te beeld. Christus, in die gedaante van 'n lam, word vereer deur 'n menigte van mense. Moontlik het die skilders ook gepoog om reg te laat geskied aan Christus se uiterlike as lam deur die woorde by te voeg: “'n Lam asof Hy geslag is” (Openb 5:6).

Hierdie woorde beteken egter iets anders as wat in die katedraal afgebeeld word. Op die keel van die lam het Johannes 'n rooi streep gesien, asof die dier se keel afgesny was en tog weer genees het. Met hierdie gegewens kan die toeris die hoofpaneel miskien beter begryp.

Intussen word die vraag hoekom Christus só vir Johannes gewys is, nie beantwoord nie.

Die Nuwe Testament onthul aan ons die betekenis van die beelde uit Openbaring: Christus het as 'n soort offerlam gefunksioneer. Hy het bereik wat geen geofferde dier ooit sou kon regkry nie: blywende en volkome versoening met God. En laat ons nie vergeet dat Christus alleen as offerlam diens kon doen, omdat Hy mens was!

Dit is dan veelseggend dat Christus in die visioene die Lam genoem word en as 'geslagte Lam' beskryf word. Hiermee word dan getoon dat Christus tot op die nuwe aarde mens is, en die littekens van sy kruisiging dra.

En die wat weet van Christus se littekens kan ontroerd word: vir ons vrypraak en toekoms is duur betaal!

Vir ons besef is dit nie so vanselfsprekend nie. Hy het immers aan ons gelyk geword om te boet vir ons skulde? Ons sou dan verwag dat Christus na die voltooiing van sy taak sy menswees sou afskud. Die teendeel is egter waar: Hy het met sy liggaam uit die graf opgestaan, en na die hemel opgevaar. Nou sou ons miskien kon dink: wanneer die volkome herstel van hemel en aarde 'n feit is, sal Christus hom ontdoen van menswees. Maar soos ons kan sien, die visioene uit Openbaring wys in 'n ander rigting. Christus hou sy liggaam vir ewig.

Die betekenis van 'n Skrifgedeelte word nooit duidelik vir lui mense nie.

- AW Pink

Wat Christus se littekens op die liggaam betref: hou Hy dit ook vir altyd? Dit lyk onverstaanbaar, want die nuwe liggaam is tog perfek, sonder letsels? Littekens sou tog in stryd wees hiermee?

Tog het Christus na sy opstanding die letsels gehad: aan sy hande en voete, en aan sy sy. Dit alles aan 'n perfekte liggaam. Nêrens word vermeld dat Christus se uiterlike verander het nie.

Maar waarom bly Christus, selfs op die nuwe aarde, vir altyd die tekens van sy teregstelling dra? Kennelik wil Christus altyd en ewiglik met sy geskende uiterlike, die boodskap laat uitgaan: “Moenie vergeet nie dat jy hier gekoester word deur God se liefde en sorg, omdat God se Seun ter wille van jou mens geword het, en Hom aan die kruis opgeoffer het.” Dit is die realiteit wat altyd weer ten volle besef moet word. Na menslike maatstawwe is dit dwaasheid dat God Hom deur Christus so intens met die mens sou bemoei. God toring in alles oneindig bo ons uit. Ons is so nietig en skuldig as wat kan kom. Hoekom sou so 'n God sy hande na so 'n mens uitsteek? Tog het God se Seun ons bestaan gedeel. En Hy het gruwels ondergaan wat gelyk is aan totaliteit van die verskrikkinge van die hel. Wie aan Christus verbonde leef, word dan ook bemoedig deur aan sy menslike gestalte te dink. Alleen al net die gestalte toon aan ons: God is met ons. En die wat weet van Christus se littekens kan ontroerd word: vir ons vrypraak en toekoms is duur betaal!

Hierdie reaksie wil Christus nie net vir vandag oproep nie, maar tot in die oneindige toekoms. Tot op die nuwe aarde sien ons sy menslike uiterlike, met littekens.

Die broers van Eyck het dus nie 'n bisarre visioen uit 'n apokriewe boek uitgebeeld nie.

Hulle het die realiteite geskilder wat vir elke gelowige 'n openbaring is: Christus het deur sy offer ons verlore bestaan in 'n geborge bestaan omskep.

'n Lam aanbid?

Wat kan ons anders kies?

DIE GROOT HERENIGING

1 Thess. 4 : 13 – 5:11

E Viljoen

Die dood beteken dat daar afskeid geneem moet word. Daar kom skeiding tussen mense. Afskeid beteken hartseer. Veral daar waar 'n mens 'n lewe lank as man en vrou saam geleef het. Selfs al kan ons in die geloof weet dat ons geliefdes by die Here is, neem dit vir geen oomblik weg dat hulle juis daarom nie meer by ons is nie. Die dood bring skeiding. Ons moet nie dink dat dit by onself van ongelooft spreek as ons hartseer is as gelowiges nie. Die dood skeur uitmekaar wat die Here saamgevoeg het. Man en vrou. Ouers en kinders. Iemand word weggeskeur van die gemeente. Daar kom skeiding tussen familie en vriende.

Die her-ontmoeting

Die apostel Paulus skryf woorde waarmee ons mekaar kan bemoedig by só 'n skeiding en afskeid wat die dood bring. Hy skryf oor die groot ontmoeting. Die groot hereniging. Hy skryf oor Christus wat ons vanuit die hemel verwag. 'n Saak van groot blydskap. Ons sit met gespanne verwagting en uitkyk na Christus, ons Verlosser, wat terugkom uit die hemel. Dit is die mooi van ons Christelike verwagting van die toekoms – ons toekoms met Christus is 'n groot *by-mekaar-wees*. Met Hom in die eerste plek. Maar ook met mekaar.

Wanneer Christus terugkom, sal Hy al die gelowiges by Hom bymekaar maak. Sy wederkoms is die groot hereniging

Die Skrif is egter ewe eenvoudig as wat dit duidelik is oor ons toekomsverwagting: ons verwag ons Verlosser uit die hemel. Dit is die Verlosser wat in Homself vantevore in my plek voor die regterstoel van God gaan stel het. Ek verwag Hom wat alle vervloeking van my weggeneem het, sodat daar geen skeiding meer kan wees nie. Sonde het skeiding gebring. Ons verwag egter vir Christus uit die hemel wat die skeiding heeltemal oorwin het

Ons vra die Here te vinnig vir vergifnis, en te min vir berou oor ons sonde

deur sy dood. Sy wederkoms is die groot herontmoeting.

Die Woord van die Here praat nie oor die lewe na die dood en oor die oordeelsdag op só 'n manier dat mense se nuuskierigheid bevredig kan word nie. As dit daarvoor bedoel was, sou dit erg teleurgestel het. Daar is baie aspekte van die dood en ewige lewe wat glad nie genoem word in die Bybel nie. Hier in Thessalonisense sien ons die doel waarvoor die Skrif oor die toekoms praat. Dit het 'n pastorale doel. Dit wil bemoedig en troos. Dit wil verlange *na Christus en mekaar as gelowiges* by ons opwek.

Almal, mans en vroue en kinders sal geroep word om voor die groot Regter te verskyn. Net soos by die Here se neerdaling op die berg Sinaï, sal daar 'n geblaas wees van die trompet deur die aartsengel. Die blaas van die trompet beteken daar is 'n belangrike vergadering. 'n Groot ontmoeting. Niemand mag dit misloop nie. Almal moet daar wees. Dit is nie 'n ontmoeting waarvoor gelowige hoof bang te wees nie. Ons verwag nie Een wat sy kinders kom veroordeel nie. Hy kom nie om skeiding te maak nie, maar juis sodat ons nooit weer van Hom geskei sal wees nie. Sodat ons altyd by Hom kan wees.

Die geloofsband met Christus maak dit onmoontlik dat enige van die kinders van die Here 'n tweederangse posisie sal hê by Christus se wederkoms

Minderwaardige posisie?

Dan is dit glad nie vreemd dat daar in die gemeente in Tessalonika 'n paar vrae oor hierdie wederkoms van Christus geleef het nie. Paulus antwoord eers die vraag oor wat die lot sal wees van die gelowiges wat reeds gesterf het, wanneer Christus weer kom. 'n Volgende vraag gaan oor die tyd wat nog moet verloop tot die vereniging met Christus. "*Hoe lank nog?*" Maar in die eerste plek wil die Here nie dat daar onsekerheid sal wees *oor wie almal teenwoordig sal wees by die groot*

ontmoeting tussen Christus en sy bruid nie. In Tessalonika was daar onsekerheid oor die teenwoordigheid by die wederkoms van die gelowiges wat reeds ontslaap het. Daar was 'n lewende verwagting van Christus se koms. Maar dink jou nou in dat hulle wat reeds gesterf het, die mooi ontmoeting sal misloop! Sal hulle nie op een of ander manier in 'n minderwaardige posisie wees nie? Sal hulle die wederkoms en alles wat daarmee gepaard gaan van die begin kan meemaak? Dink u in dat hulle eers op 'n heel laat stadium uit die dood wakker gemaak moet word, nadat die Here Jesus reeds gekom het!

Só sterk was die verwagting en besef van Christus se wederkoms, dat selfs net die gedagte dat nie almal saam die koms van Christus van die begin kan meemaak nie, hulle groot droefheid gegee het. In 'n gemeente waar dit as 'n groot voorreg beskou word om die koms van die Hemelkoning mee te maak, wil niemand agter gelaat word nie. Daarom dat Paulus die gemeente wil verseker dat dit nie so is dat die gelowiges wat reeds gesterf het, in 'n tweederangse posisie sal wees wanneer Christus kom nie. Eers sal die wat in Christus gesterf het, opstaan, en dan sal die wat nog lewe saam vir Christus tegemoet gaan.

Christus laat by sy wederkoms dit ondubbelsinnig sien dat Hy die Hoof is van sy gemeente. Selfs die dood kan die band wat daar tussen Hom en sy kinders is, nie verbreek nie. Hy is die Een deur wie die Vader alles wil regeer. Die geloofsband met Christus *maak dit onmoontlik dat enige van die kinders van die Here 'n tweederangse posisie sal hê by Christus se wederkoms.* Of nog meer...dit is onmoontlik dat enigeen dit nie sal meemaak nie. Kyk, sê Paulus...ons glo dat Christus gesterf en opgestaan het (4:14)...sal die wat met Christus gesterf het, dan nie ook opstaan nie? Só regeer Christus oor alles. Niks kan selfs intussen, ná Christus se hemelvaart, die band met Hom tot by sy wederkoms breek nie. Met sy mag, waardeur Hy opgestaan het uit die dood, hou Hy ons naby aan Hom. Wanneer Christus terugkom, sal Hy al die gelowiges by Hom bymekaar maak. Sy wederkoms is die groot hereniging. Brudegom en bruid ontmoet mekaar. Die wat nog lewe, sal die wat reeds gesterf het, op geen manier voor wees nie. Hierdie saak is só belangrik, dat Paulus hom selfs daarvoor beroep op die feit dat Christus self dit gesê

Geloof is die hand van die siel waarmee ek die kruis vasgryp

- M Luther

het: “*Ons sê dit vir julle deur die Woord van die Here*” (vs. 15a).

Geen vrees

Die groot hereniging sal begin met ’n neerdaal uit die hemel van Christus in heerlijkheid. Daar sal ’n geroep wees van die aartsengel. Die geklank van ’n basuin van God sal gehoor word. En dié wat in Christus gesterf het sal dan eers opstaan. Hulle sal niks misloop van die groot ontmoeting nie. Trouens, Christus bring die ontslape gelowiges saam met Hom. Net soos wat die Here sy gemeente in die woestyn ontmoet het by die berg, daal Jesus van die hemel neer met trompette wat sy koms aankondig. Niemand kan die koms van die Koning misloop nie. Die trompet maak almal attent op sy koms! Christus kom net soos Hy na die hemel opgevaar het – in heerlijkheid. Saam met die ontmoeting met Christus, is daar ook die hereniging van al die uitverkorenes. Die hele volk van die Here sal by Hom vergader. Dit vorm die agtergrond van wat ons in Sondag 19 van die Heidelbergse Kategismus bely: “*Ek verwag met gespanne verwagting Hom wat tevore in my plek ..alle vervloeking van my weggeneem het*”. Groot verwagting by elkeen wat leef uit die wegneem van ons vervloeking!

En dan, terwyl Jesus uit die hemel neerdaal, sal ons nie passief op Hom sit en wag nie. Wanneer Hy na ons kom, gaan ons uit na Hom. Die wat nog lewe en die wat dan uit die dode opgewek is, sal saam in wolke die Here tegemoetgaan. Die beeld wat ons hier voorgestel word, is die van ’n besoek van ’n belangrike persoon aan ’n stad. Wanneer ’n stad amptelik besoek was, het ’n afvaardiging uit die stad die hoogwaardigheidbeker tegemoet gegaan om Hom eer te bewys en te verwelkom. Op die laaste deel van sy reis word Hy begelei tot by hul stad. Iets soortgelyk het plaasgevind toe Jesus in Jerusalem verwelkom is deur skares mense wat Hom tegemoet gegaan het en met palmtakke verwelkom het in die stad van Dawid. Die uitroep het geklink: “*Hosanna, geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!*”. ’n Feestelike verwelkoming vir die Hoof van die kerk. Hy wat oor alles regeer word in sy wêreld verwelkom deur

sy diensknegte.

Hy wat kom as Regter, is niemand anders as Hy wat vantevore in my plek voor die regterstoel van God gestaan het nie. Hoe dringend het ons nie nodig om bevry te word van verkeerde beelde oor die wederkoms van Christus nie! Die groot trooswoorde van hierdie gedeelte is juis *dat ons met Christus se wederkoms vir altyd by Hom sal wees*. Geen gedagte dat daar dan eers gekyk moet word na alles wat ek gedoen het om te bepaal of ek wel ’n toekoms met Christus het nie. Die Regter is tegelyk my Verlosser uit die hemel. Hy kom vanaf die troonstoel van die Vader waar Hy vir my ingetree het. Sy wederkoms mag ’n blye ontmoeting wees. Hierdie woorde moet vir ons ’n bemoediging wees. Vir hierdie doel skryf Paulus en Silvanus dit aan die gemeente in Tessalonika. Ons hele lewe hier op aarde kan daarom nou ’n lewe wees in verwagting van hierdie mooi ontmoeting. Geen angs en vrees nie. Ja, Hy sal sy vyande en die vyande van sy gemeente in die ewige verdoemenis werp. Daar sal dan geen teëstand meer teen ons wees nie. Daarom kan my hele lewe nou ’n uitreik wees na die groot ontmoeting met ’n gedurige “*Maranata!*” op ons lippe. Kom Here Jesus, kom tog gou!

Hoe lank dit nog sal duur voor Hy kom, weet ons nie. Hy kom onverwags. Soos ’n dief in die nag kom, wanneer jy hom nie verwag nie. Gelukkig mag kinders van die Here ook hier kinders van die lig genoem word. Die skielike koms van Christus sal hulle nie in die duister laat nie, want hulle leef nou reeds in die lig van alles wat Hy vanuit die hemel vir ons wil gee. Kinders van die lig slaap nie, maar waak en is nugter. God het ons nie bestem vir sy toorn nie, maar om deel te hê aan die mooi ontmoeting met Christus. Met hierdie woorde kan ons mekaar bemoedig en mekaar opbou. Laat ons mekaar wakker hou sodat nie een van ons afwesig sal wees die dag van die blye ontmoeting met ons hemelse Bruidegom nie.

If I do not see Christ as Lord of all, I do not see Christ as Lord at all

- Anonymous